RAADSBELEID: NAMA KHOI MUNISIPALITEIT

ONDERWERP : BELEID VIR DAARSTEL VAN TWEEDE WOONEENHEDE, GASTE HUISE EN BESIGHEDE VAN UIT WOONHUISE

Verwysing :

Item Nr :

Datum:

Beleidsoogmerk : Om prosedures en riglyne daar te stel vir die hantering Van aansoeke om tweedewooneenhede, gastehuise en huiswinkels wat daarmeeverbandhou.

Beleidsfilosofie en Beginsels
Ten einde tweede wooneenhede, gastehuise en huiswinkels in die woonbuurt te orden.

Riglyne
Alle tweede wooneenhede gastehuise en huiswinkels vanaf woonhuise binne die Raad se regsgebied moe taan die volgende vereistes voldoen:

TweedeWoon-Eenhede

1. 'n Tweede wooneenheid hoef nie noodwendig aan 'n gebou gekoppel te wees nie.

2. Slegs een addisionele wooneenheid, sal met die vergunning van die Raad, toegelaat word op ResidensiëleSone I en geen nuwe wooneenheidsal op 'n perseelwat reeds vir sake gesoneer is, toegelaat word nie.

3. Alle tweede wooneenhede moet van kook-, toilet- en 'n bad- of stortgeriewe voorsien word.

4. ‘n Tweede wooneenheid mag nie meer as 60% van die dekking van die hoofwoning beslaan nie.

5. Die minimum vloerruimte van 'n tweedewooneenheid is 36m² en mag nie 120m² oorskry
nie.

6. 'n Tweedewooneenheid mag 'n integraledeelwees van die primêreeenheid of dit kan daar meeskakel of 'n losstaandeeenheidwees, solank die totale brutovloeroppervlakte van allegeboue op die erf, ondanks die bepalings in paragraaf 5, niemeer as 66% van die erf mag weesnie.

7. Die boulyne van toepassing op 'n tweedewooneenheidsaldieselfdewees as die res van die hoofgebou en buitegebouesoos in die Raad se Dorpsaanlegskemaregulasiesbepaal.

8. Dat, in die geval van beperkendetitelvoorwaardes, die normale opheffings prosedures gevolg moet word alvorens die Raad se goedkeuringverleen word.

9. Die goedkeuring vir die oprigting van 'n tweede wooneenheid sal slegs toegestaan word indien die Raad daarvan oortuig is dat die bestaande ingenieursdienste en gemeenskapsfasiliteite die digtheid van bewoning sal kan akkommodeer.

Gastehuise

10. Gastehuise mag nie meer as 10 beddens bevat vyf addisionele kamers beslaan nie.

11.Daar moet genoegsame toilet en parker geriewe voorsien word;

12. Die boulyne vir gastehuise sal wees soos bepaal in die Raad se Skemaregulasies.Indien daar nie genoegsame dienstekapasiteit is nie sal so aansoek nie goedgekeur word, alvorens die aansoeker nie skriftelik bevestig dat hy/sy die betrokkekostes gaan
dra.

13. Indien daar enige beperkende titelvoorwaarde geld moet die normale opheffings prosedure gevolg word.

14. Indien daar nie gehou word by hierdie bepalinge sal ‘n boete gehef word op die grondeienaar.

Huiswinkels

14. Slegseienaars van woonhuise mag aansoek doen vir die bedryf van ‘n huiswinkel op syperseel.Geenonderverhuring van huiswinkelssaltoegelaat word nie.

15. Hierdie goedkeuring is tydelik van aard en geld sleg vir drie jaar.

16. Die bedryf van ‘n huiswinkel moet streng geskied in lyn met Gesondheisregulasies. Indien daar afgewyk word van hierdie bepalinge behou die Raad die reg voor om so ‘n goedkeuring terug te trek.

17. Allehuiswinkels sal ‘n jaarlikse fooi gehef word soos deur die Raad bepaal. Heffings vir vullisverwydering vir huiswinkel sal hanteer word soos vir kleinbesighede.

16. ‘n Huiswinkel mag hoogtens 25vkm beslaan en word bedryfvanuit ‘n deel van die huis of ‘n buite gebou.

17. Hulpbehoewendes wat aansoek doen vir huiswinkels, sal indien die aansoek goedgekeur word, onthef word van alle hulpbehoewende voordele.

18. Bewys van eienaarskap moet gelewer word tesame met so ‘n aansoek. ‘n Titel Akte, koopkontrak of munisipale rekening sal aanvaar word.

19. Huiswinkels se besigheids ure word vasgestel op 9h00 weekliks.

20. Daar mag in geen omstandighede snags in huiswinkels geslaap word nie.

21. ‘n Huiswinkel word slegs in ‘n steengebou bedryf en so ‘n huiswinkel moet altyd skoon en netjies wees.

22. ‘n Goedgekeurde huiswinkel sal ‘n jaarlikse belasting heffing van R400.00 gehef word.

23. Indien daar nie gehou word by die bepalinge van hierdie riglyne nie behou die Raad die reg voor om die goedkeuring vir so ‘n huiswinkel te kanselleer.

PROSEDURE
1. Alle aansoeke om tweede wooneenhede moet op die voorgeskrewevorms, verkrygbaar bydie Afdeling: GrondgebruiksBeplanning ingedien word.

2. By ontvangs van die aansoekvorms, bouplanne en aansoekgelde, sal die Afdeling Stadsbeplanning en Boubeheer die aansoekooreenkomstig die voorskriftevan dieNoord-Kaapse Wet op Ontwikkeling en Beplanning, 1998 (Wet 7 van 1998) prosesseer.

ROLLE
Die Afdeling: GrondgebruikasookBoubeheer.

VERWANTE BELEID
1. Dorpsaanlegskemaregulasies.
2. Die Noord-Kaapse Wet op Ontwikkeling en Beplanning, 1998 (Wet 7 van 1998)

HERROEPING EN WYSIGINGS
Dat alle vorige beleidsbesluite in hierdie verband herroep word